NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

07.04

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:	Ring van Humansdorp
Titel van Projek:	Gamtoos Plaasbediening

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Ds. Jos van der Merwe
Posadres:	Posbus 70, Patensie,6335
E-pos:	josvdm@lantic.net
Faks:	0866474495
Tel. (k):	042 2830568
Tel (h):	042 2840568
Selfoon:	082 9233167

	30 September 2016
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) David Higgs, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van Humansdorp, dat hierdie projek op 19 September 2016 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

DHiggs	5 Oktober 2016

Handtekening Voorsitter / Skriba Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Doel van die Bediening: GAMTOOSVALLEI SE PLAASWERKERS VIR CHRISTUS

Hierdie projek is al vir meer as 28 jaar aan die gang. Die doel van hierdie projek is om alle plaaswerkers in die gebied van NG Gamtoosvallei te bereik met die Evangelie.

Dit geskied op die volgende maniere: Dagopeninge/bidure op verskillende plase, huisbesoeke, naweekkoffiekroë, kampe, vroueklubs, jeug en kinderklubs, skoolbesoeke, reinheidsgesprekke, naweek uitreike saam met verskillende kerkgroepe van Uitenhage, PE en Jeffreysbaai asook met groepe soos Operasie Mobilisasie, YWAM en JFC.

Alle persone wat bearbei word , word gemotiveer om in te skakel by hulle kerke en goeie lidmate daar te wees. Die wat tot bekering kom en nie aan kerke behoort nie, word gemotiveer om by 'n gemeente van hulle eie keuse in te skakel

Die span bestaan op hierdie staduim uit een opgeleide werker. Die Komitee het biddend besluit om met ingang 2017 'n paartjie met baie sendingervaring permanent aan te stel wat die Bediening se strategie heelwat sal verander. Daar sal nog steeds ook gewerk word met uitreikspanne van buite. Die werk gaan nou net beter en met meer effektiwiteit gedoen word.

Noue samewerking vind plaas tussen die NG Gamtoosvallei (Voogde)VGK Gamtoosvallei. Die predikantsvrou van die VGK is een van die werkers van die Plaasbediening. Daar is ook noue samewerking met NG Jeffreysbaai en NG Sionsrand en ander gemeentes.

Die Plaasbediening is vir hulle fondse afhanklik van donasies.

Hierdie Bediening het 'n baie groot invloed op die omstandighede van die plaaswerkers in die Vallei. So baie getuig van die seën wat hulle hierdeur verkry het. Van die werkers wat betrokke was by die Plaasbediening in die verlede, is bv. mense wat hier uit die Vallei self kom en wat die roeping ervaar het om opgelei te word as sendingwerkers. Die paartjie wat nou permanent hier kom werk is eintlik "geestelike kinders" van hierdie aksie. Die vrou was as jong kind betrokke hier met uitreike en het hier haar roeping gekry om verder vir die Here te gaan werk en opleiding te ontvang.

Gedurende die Sitrusseisoen kom hier baie seisoenwerkers na die Gamtoosvallei. Onder andere mense van Lesotho en Zimbabwe. Hulle word reeds by die geleenthede betrek en in Engels of hulle eie tale bedien.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Reeds in pt 5 alles gesê.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Hierdie aksie al meer as 28 jaar aan die gang. Hierdie is nie 'n eenmalige projek nie. Honderde plaaswerkers en hulle kinders is deur die jare bearbei en hierdie aksie sal voortgaan solank as wat die Here se Hand oor dit is.	

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Die Plaasbediening doen kwartaaliks verslag aan die Gamtoos Plaasbedieningskomitee bestaande uit die volgende lede:	
Ds Jos van der Merwe (Voorsitter)	NG Gamtoosvallei
Louis Oosthuizen (Sekr, boervrou)	NG Gamtoosvallei
Dawson Ferreira (Boer)	NG Gamtoosvallei
Chrissie du Preez (Boervrou)	NG Gamtoosvallei
Gert Ferreira (Boer)	NG Gamtoosvallei
Ds Stephen Jonas	VGK Gamtoosvallei
Christine Dempsey	NG Gamtoosvallei

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	**Bedrag**
NG Gamtoosvallei	R 2000
VGK, NG Sherwood, NG Sionsrand, NG Jeffreysbaai	R 2000
TOTAAL:	R 4000 per maand

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	**Bedrag**
• Reiskoste	8500
• Verblyfkoste	1000
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):Instandhouding	1000
Salarisse	15300
TOTAAL:	**R 25 800 per maand**

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R 309 600
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	48 000
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R 261 000 Hierdie is wat ons benodig vir die jaar. Die Ring vra R 50 000 vir die jaar. Die ander gelde moet ons gaan soek op ander plekke.

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
Vanaf 1 Maart 2017	R 50 000 per jaar

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Ons beskou hierdie Ringsprojek as baie belangrik. Ons is bevoorreg om te kan betrokke wees waar God reeds aan die werk is! Ongelukkig het die droogte en die ekonomie die Vallei in 'n drukgang en is hulp van buite baie nodig. Indien die Sinodale kommissie graag meer inligting wil hê oor die projek kan daar gereël word dat die werkers self inligting deurgee en verslag lewer by 'n geleentheid. Daar is ook 'n CD beskikbaar oor die 25 jarige bestaan van die Gamtoos Plaasbediening.

NB!! Dit wat kort, kom van donasies vanuit die gemeente en gemeenskap. Ons vra u dringende oorweging om te help met dit wat ons vra. Hierdie is 'n model wat in ander plattelandse areas ook kan werk. Die werker(s) is goed opgelei en weet wat hulle doen en het jare se ondervinding in hierdie soort werk. Hulle sal graag help om in ander plekke soortgelyke bedieninge te vestig.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf